

25 Maart

Skrifgedeelte: Markus 10:1-16 (OAV)

Fokusgedeelte: Markus 10:1-12

Die hardheid van julle harte

Met Jesus se deurreis deur Judea probeer die Fariseërs Hom oor die huwelik vastrek. As Hy Hom sou uitspreek teen egskeiding, is Hy volgens hulle in stryd met die wet. Hy sou dan die ondersteuning van baie van die omstanders verloor, want egskeiding is misbruik as bedreiging om vrouens op hulle plek te hou. As Hy aan die ander kant ter wille van die (oorwegend manlike) skare tog sê dat egskeiding geoorloof is, verloën Hy sy eie onderrig van vroeër (Matt 5:31-32). Met hierdie een vraag wou hulle met Jesus klaarspeel, maar dan wys Hy dat hulle met die vraag hulle eie geestelike bankrotskap verraai. Hy antwoord hulle met 'n teenvraag: "Wat het Moses julle beveel?" Hulle kan nie antwoord dat hy egskeiding beveel het nie. Weens die hardheid van die volk se hart het hy dit wel toegelaat. Hulle lê egter alle klem op die opdrag van 'n skeibrief, asof dit egskeiding sou wettig. Jesus sê nee, egskeiding is geen opdrag nie, maar 'n toelating omdat mense weens die hardheid van hart nie na God luister nie. Soos Israel is die Fariseërs se probleem ook harde harte. En 'n harde hart is 'n kritieke toestand. As gevolg van harde harte het God die volk in ballingskap gestuur.

Die wil van God is duidelik: Wat Hy saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. Hierdie woord "saamvoeg" laat mens dink aan twee trekdier wat saam ingespan word. Wie so 'n span van mekaar losmaak, maak hulle godgegewe werk ongedaan. Wie die huwelik ontbind, kyk daarom na die mens en vergeet van God. Wanneer jy van God vergeet, mis jy die vreugde wat God vir elke huwelik beloof.

Sing: Psalm 128:2,3

Ds BC Smit (Brits-Wes)